# DIE HOËRSKOOL MENLOPARK

## COVID-19-PROTOKOL
## COVID-TOETSE EN ISOLASIERIGLYNE

### 1. PROTOKOL M.B.T. DIE AFNEEM VAN 'n COVID-19-TOETS

- Leerders wat vir COVID-19 laat toets, ag hulleself **positief** vir COVID-19 totdat die uitslag van hulle COVID-toets die teendeel bewys.
- Leerders isoleer dus vir die tyd vandat die COVID-toets gedoen is totdat die uitslag beskikbaar is.

### 2. PROTOKOL M.B.T. PERSONE WAT IN DIREKTE KONTAK MET POSITIEWE COVID-GEVALLE WAS

| | |
|---|---|
| Nabye of direkte kontak | • Persone was **sonder maskers**, nader as **1,5 m** van mekaar in 'n **ongeventileerde vertrek** vir langer as **vyf minute**.<br>• Enige bewys (bv. 'n foto) wat toon dat 'n leerder in direkte kontak met 'n bevestigde COVID-19-geval was en geen masker gedra het nie, **is gronde vir isolasie.**<br>• Die foto hoef nie 'n skoolverwante foto te wees nie, maar kon enige tyd of plek geneem wees. |
| Isolasieprotokol vir leerders wat isoleer a.g.v. direkte kontak | • **Tien dae.**<br>• Indien 'n leerder vir COVID-19 wil toets, moet hierdie toets eers op die **vyfde dag nadat kontak met 'n bevestigde geval plaasgevind het**, gedoen word. |
| COVID-toetse* | • Asimptomatiese leerders kan op die vyfde dag nadat hy/sy in kontak met 'n bevestigde COVID-geval was, 'n COVID-toets laat doen.<br>• Indien die uitslag van daardie toets negatief is, mag die leerder terugkeer skool toe.<br>• Hierdie negatiewe toets gaan gekontroleer word m.b.t. die datum en uitslag.<br>• Om die wagtyd van 'n amptelike laboratoriumtoets te vermy, sal die negatiewe uitslag van 'n RAPID PCR-toets* aanvaar word.<br>• Die RAPID PCR-toets kan op die vyfde dag nadat kontak plaasgevind het, gedoen word. |

* 'n RAPID COVID PCR-antigeentoets (neusdeppertoets) moet by 'n apteek of 'n dokter gedoen word. Die uitslag van hierdie toetse is binne 15 minute beskikbaar en is volgens kundiges 98% akkuraat.

* Teenliggaamtoetse (vingerprik bloedtoetse) word **nie aanvaar nie.**

* RAPID COVID PCR-antigeentoetse is by albei die apteke naaste aan Die Hoërskool Menlopark beskikbaar.